12 Desember **Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 13:1-13**
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 13:5

Glo jy werklik?

“Glo jy werklik?” Wanneer iemand jou met hierdie vraag sou konfronteer, maak jy gewoonlik beswaar, want wie kan hom aanmatig om jou geloof in twyfel te trek? En tereg so, want dit kom geen mens toe om ’n ander se geloof te beoordeel nie.

Tog neem Paulus die vrymoedigheid om aan die gelowiges in Korinte te skryf: “Ondersoek julleself of julle in die geloof is” (vers 5). Paulus se vraag is egter anders. Hý wil nie hulle geloof ondersoek nie. Hy laat dit aan hulle oor om dit self te doen. Ook vir ons elkeen is dit ’n saak van gedurige selfondersoek: Glo ek werklik?

In die tweede helfte van vers 5 stel Paulus die vraag op ’n ander manier: Is julle seker dat Jesus Christus werklik in julle is? Hy stel die vraag só dat daar slegs een antwoord hierop kan wees: Ja, ons weet dat Christus in ons is, want God sê dit vir ons in sy Woord (Rom 8:10), en ons neem Hom op sy Woord.

Maar dit is nie genoeg om net te weet dat Christus in ons woon nie. Die wete moet oorgaan in dade. As Christus in ons is, moet Hy ook in ons gestalte kry (Gal 4:19). Dit beteken dat ons lewe moet wys dat ons Christus in ons het. Is elke woord, elke tree, elke gedagte ’n bewys dat Christus in ons is? So ondersoek ons onsself om te sien of ons werklik “in die geloof lewe” (NAV).

Sing: Psalm 139:1 Prof GJC Jordaan (Potchefstroom)